“Sorg dat julle aanhou groei in die genade en kennis van ons Here en Verlosser, Jesus Christus.” 2 Petrus 3:18

# Maandelikse Bybel Bespreking

## Groei

**Wat is groei?**

Groei is een van die mees natuurlike en tog diepste prosesse in die lewe. Dit is veel meer as net groter word. Groei beteken volwassenheid, verdieping, vernuwing, en ja, baie maal selfs verandering. Dit is nie bloot die versameling van kennis of ouderdom nie. Ware groei behels die ontwikkeling van karakter, insig en 'n ryper verstaan van ons mens-wees, roeping en identiteit.

**Hoe groei die natuur?**

'n Plant groei nie net omdat daar sonlig of water is nie. Groei vra ’n balans tussen lig, water, voedingstowwe en ruimte. Enige boer sal kan getuig: te veel van een en te min van 'n ander bring spanning en soms selfs afsterwe en mis-oeste.

Net so vra ons eie groei 'n gesonde balans van inspirasie, tyd vir werk en rus, geleenthede om te leer, en tyd om te reflekteer.

**Hoe groei ’n organisasie?**

'n Gemeente of organisasie groei wanneer daar duidelike rigting, sekerheid en getrouheid aan kernwaardes, en ‘n oop aanvaarding van nuwe lewensgeleenthede is. Groei vra soms herbesinning, vernuwende denke, en altyd 'n terugkeer na die oorspronklike roeping en doel.

**Hoe groei ons as mense?**

As mense, groei ons wanneer ons uitdagings aanpak, en wanneer ons leer om verantwoordelikheid te dra. Ons groei wanneer ons in verhoudings – met God en mekaar – tyd spandeer en verdieping vind. Groei vra oop harte, ‘n leerbare gees, en volharding deur die ritmes en seisoene van die lewe.

**Hoe kan ons groei as gelowiges?**

Groei as gelowige is nie net om meer oor God te wéét nie. Dit is om Hom dieper te kén. Dit is om deur die Woord en die Gees gevorm te word. Dit is om elke dag nader aan Christus te leef. Dit is om gestuur te wees om in liefde en diensbaarheid te blom. Ware groei is altyd gewortel in gehoorsaamheid aan Christus, gevoed deur die Woord, en gesteun deur die gemeente.

Andrè

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Tema vir die Maand

## Groei in Geloof en Kennis

"Maar groei in die genade en kennis van ons Here en Saligmaker, Jesus Christus." – 2 Petrus 3:18

In 'n wêreld vol verandering, waar tegnologie en ideologieë vinnig ontwikkel, word ons as gelowiges uitgedaag om nie net by te bly nie, maar om standvastig te groei – in geloof én in kennis. Hierdie twee is nie opponente nie, maar eerder soos twee vlerke van dieselfde voël. Geloof sonder kennis raak maklik oppervlakkig; kennis sonder geloof raak koud en selfgerig. Ware geestelike groei gebeur wanneer hierdie twee saam werk om jou grasieus te laat sweef.

Groei in geloof is om God al hoe meer te vertrou. Dit geld in voorspoed en teenspoed, in seën én onsekerheid. Dit is om te rus in Sy liefde, Sy wil te soek, Sy Vrede te aanvaar, en Hom getrou te dien. Geloof groei deur gebed, gemeenskap en gesonde geestelike gewoontes.

Groei in kennis is om die Skrif dieper te verstaan, ons denke volgens Christus te vorm, en Sy waarheid in die lewe toe te pas. Dit vra ook kritiese denke en gegronde beginsels. Soos die Latynse leuse Age Quod Agis herinner: Wat jy doen, moet jy goed doen.

Mei maand bied ons die geleentheid om saam te groei – in geloof, kennis en verbondenheid.
Ek wil jou uitnooi: Kom woon die eredienste by, leer saam in gesprek en studie, en bou verhoudings in die gemeente. Ons gemeente is nie net 'n plek van samekoms nie, maar 'n lewensnetwerk – 'n ruimte waar jy geanker kan leef, leer en liefhê.

Laat ons mekaar aanmoedig en saam groei, in geloof en in kennis, tot eer van God.

André

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## IN HIERDIE UITGAWE


PIEKNIEK
BYBELETE EN VASVRA
RESEP VAN DIE MAAND
40
LEES JOU BYBEL
LAG 'N SLAG
KONTAK ONS




# Piekniek, Sport en Spele

17 Mei - 11 uur
Ryton Pools, Coventry, CV8 3BH.
Die fokus val op piekniek en kuier.

Bring jou piekniekmandjie propvol heerlike eetgoed en kom kuier, speel, lag, stap en ontspan saam!!
Daar is baie plek vir die kinders om te hardloop en speel....
Die met baie energie kan hul fietse saam bring.
Bring jou hond saam- daar is baie stapplek.
Maak net seker jy is daar!
Daar is ook 'n winkel waar jy heerlike eetgoed en koffie kan kry.
Parkering vir die dag £6.60 / £4 vir tot 4 ure

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Bybel ete en vasvra



**5 Kategorië + bonus rondte**

Kategorie 1: Emoji
Kategorie 2: Vrae oor die boek Jona
Kategorie 3: Paasfees
Kategorie 4: Algemene Kennis
Kategorie 5: Musiek rondte
Bonus rondte: Soek die vers in die Evangelie van Johannes

## 4 Spanne neem deel....

H&H, Katvisse, Loansharks, Swaardvisse

Swaardvisse



Katvisse



H&H



Loansharks



SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Bybel ete en vasvra

## Kategorie 1: Vraag



Antwoord: Noag in die ark



## Musiek Fabriek



## 'Quiz Master'



## Hartlik geluk aan die Katvisse!



## In die 2e Plek was die Swaardvisse!



## Kategorie 2: Jona

Hoe lank het dit Jona geneem om deur Nineve te stap?

QUIZ time!

## Kategorie 3: Paasfees

1.Watter kleur mantel het hul om Jesus gehang?
2.Hoe lank is Lydenstyd, die tydperk van vas voor Paasfees?
3.Wat beteken die naam Golgota?





**Almal wat saam kom kopkrap, dink, eet en kuier het...**

# Resep van die Maand

## Korean Chicken Quesadilla - Serves 4

**Ingredients:**
550g chicken thighs, diced into small pieces
vegetable oil, for cooking
100g kimchi, chopped and grilled
20g jalapeños
250g cheddar cheese, grated
1tsp chopped coriander
4 flour tortillas
salt
**For the Marinade:**
3tbsp soy sauce
3tsp white sugar
2tsp finely chopped or grated garlic
1 1/2 tsp ginger, peeled and grated



**Method:**
First make the marinade by stirring the soy sauce, sugar, ginger and garlic together in a medium bowl. Add the chicken and marinade at room temperature for 30 minutes (or overnight in the fridge).

Heat a large frying pan with vegetable oil over medium heat. Add the chicken and cook for around 5 minutes until the chicken is cooked through, golden and slightly charred in places. Remove from heat and set aside.

Mix together the chicken, kimchi, jalapeños, cheese and coriander in a bowl.

Spread half of the mixture over one tortilla, leaving a little border around the edges. Place another tortilla on top and press down gently. Repeat for the second set of tortillas.

In a large non-stick frying pan, heat a tablespoon of oil over medium heat. Place one assembled tortilla in the pan, cook for about two minutes, flip, and cook for another two minutes until the cheese has melted and the tortilla is golden brown and crispy. Season with salt. Repeat with the other quesadilla.

Leave the quesadillas on a kitchen paper to drain, cut into wedges and serve warm.

Baie dankie Ayla Gray dat jy jou staatmaker resep met ons gedeel het! Dit lyk heerlik!!

**Ayla is die eerste van ons Junior kokke wat hul resepte met ons gaan deel.**

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# 40

In the Bible, it rained for 40 days and 40 nights.

Day 41 came and the rain stopped.

Moses committed murder and hid in the desert for 40 years.

Year 41 came, and God called him to help rescue Israel.

Moses went up on the mountain for 40 days.

On day 41, he received the Ten Commandments.

The Israelites wandered in the wilderness for 40 years.

Year 41, they walked into the Promised Land.

Goliath taunted Israel for 40 days.

Day 41 came, and David slew him.

Jonah preached a message of repentance to Nineveh for 40 days.

On day 41, God stopped His plan to destroy them.

Jesus fasted and was tempted for 40 days.

Day 41, and the devil fled.

After His resurrection, Jesus appeared to His disciples for 40 days.

On day 41, He ascended into Heaven.

All this to say...don't quit. The rain will stop, the giant will fall, and you will enter your "promised land." Don't give up at 40.

41 is coming.

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • MEI 2025

# Lees Jou Bybel

"Oupa," vra die seun "waarom moet 'n mens elke dag Bybel lees, as 'n mens dit nie eers kan onthou nie?"

"Voordat ek jou antwoord, bring eers vir my 'n goiingsak vol water uit die spruit agter die huis."

Met die goiingsak probeer die seun water aandra na sy Oupa toe. Een keer. Twee keer. Drie keer. Hier by die vierde keer protesteer hy: "Dit is onmoontlik Oupa! Die water loop uit!"

"Met sy Oupa wysheid vra hy:" Hoe het die sak gelyk toe jy die eerste keer gaan water haal het?"

"Vuil"

Hoe lyk die sak nou?"

"Skoon" Antwoord die Seun.

"Dit is hoekom ons elke dag Bybel lees. Jy hoef nie altyd als te onthou wat jy lees nie, maar wanneer jy Bybel lees gebeur daar iets met jou – jy word skoon."

Met 'n verstaan draai die seun van sy Oupa weg.

"Wag, ek is nie klaar nie." Sê Oupa. "Draai die goiingsak sodat die water uitdrup."

Die vloer word papnat.

"Wanneer jy Bybel lees word dit deel van jou. Die wêreld is dors vir dit wat die Heilige Gees in jou lewe doen. Hoe kan jy vandag vir die mense in jou lewe gee, as jy dit nie vanoggend gekry het toe jy Bybel gelees het nie?""

# Lag 'n Slag

A non-medical student accidentally found himself sitting for a medical exam. His answers were… well, creative to say the least.

1. Antibody: Someone who hates their own body.
2. Artery: Either the study of fine arts or something military-related—I'm not sure.
3. Bacteria: The back entrance to a cafeteria.
4. Coma: A punctuation mark.
5. Gall Bladder: Obviously, the bladder of a girl.
6. Genes: Blue denim pants, duh!
7. Labour Pain: Pain you feel while working hard.
8. Liposuction: Clearly, it's a French kiss.
9. Ultrasound: Really loud noises, like the kind only wives can make.
10. Cardiology: Advanced studies in playing cards.
11. Dyspepsia: Struggling to drink Pepsi.
12. Chicken Pox: A fancy non-veg dish from the continental menu.
13. CT Scan: A test to identify someone's city of origin.
14. Radiology: The science of how radios function.
15. Parotitis: The study of parrots and their lifestyle.

And the grand finale:

16. Urology: Obviously, the study of European people!

## KALENDER

4 MEI EREDIENS 10 UUR

11 MEI HUISKERK 9 UUR

18 MEI EREDIENS 10 UUR

25 MEI HUISKERK 9 UUR

# Bring dit vir Hom- Hy maak dit heel.

Bring jou leë vuil hande- Hy was dit silwerskoon

Bring jou wegloopvoete- Sy arms is wawyd oop

Bring jou lied oor gebarste lippe- Hy hoor jou melodie

Bring jou skreeuende hart vol vrae- Sy verstaan is oneindig groot

Bring jou trane van smart - Hy draai dit om in hoop

Bring die wrakstukke van jou lewe- Hy maak alles nuut

Bring jou ontstuimige gemoed - Hy maak die storm stil

Bring jou alles van niks - Hy is meer as genoeg vir jou.

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK •MEI 2025

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Kontak Andre Harmzen



Andrè Harmzen
16 Baldocks Road
Theydon Bois
CM16 7EB
Epos: andre@sagemeente.com

**Kontak ons:**
**Webblad:** noordwyk.sagemeente.com
**Facebook Blad:** SA Gemeente Middellande

**Erediens Tye**
Ons Eredienste is elke 1ste en 3de Sondag van die maand om 10:00

**Adres:**
Alderbrookskool.
Blossomfield Road, Solihull, B91 1SN

**Dankoffers.**
**Vir £10 Text RSAG003 na 70191**
**Vir direkte inbetaling:**
SA Congregation
HSBC
40-22-05
91374265

PayPal
Scan. Pay. Go.

**Jy kan ook deur Paypal betaal by:**
Paypal.me/SAGemeente
Sit net 'n beskrywing in die nota sodat ons weet waarvoor dit is.
Sê ook vir watter wyk- Birmingham
**Stuur asb ook 'n epos na Marlene by bank@sagemeente.com met jou naam en wyk. (Birmingham)**

# Kontak Helena



Helena Claassen
Epos: helena@sagemeente.com